Pneumanauts

Len Sweet oor Leierskap

Nelus Niemandt

Len Sweet het Suid-Afrika onlangs as gas van die Suid-Transvaalse Sinode besoek. Een van die temas wat hierdie teoloog/historikus/toekomskenner na aan die hart lê, is leierskap.

Leierskap is geestelik en nie materieel nie

Een van die grootste foute wat Christene oor leierskap kan maak, is om te dink dat jy alles by besigheid kan leer. So asof die kerk nie ervaring het oor hoe dinge behoort te werk nie. Die kerk behoort volgens Len Sweet juis te floreer in die postmoderne kultuur. Maar hoekom sê ons altyd so min so laat? Die dr Phil's beklemtoon die belangrikheid van verhoudings; die Oprah's - medemenslikheid en empatie; ons kinders dra hemde met die 'No Fear' slagspreuk... Is dit dan nie die Bybel wat op meer as 300 plekke sê: "Moenie bang wees nie…". Is dit dan nie Jesus wat basiese medemenslikheid en diensbaarheid kom bemiddel het nie!? Hy sê: "The world steal our lines and then we steal them back…when it is too late!". Die Christendom het soveel om te bied. Christene kan gerus hand in eie boesem steek en by hulle ryk tradisie diepgewortelde waarhede oor leierskap herontdek.

Leadership must once again become a matter of love and spirituality, a place for spiritual sages, not just organizational technicians.
Brian McLaren

Leierskap is nie 'n meganistiese proses is nie. Dit het weinig te doene met die uitgediende modernistiese idee dat leierskap eintlik net 'n objek is wat goed genoeg uitmekaargehaal moet word om die geheim daarvan te ontdek. Die resultaat is gewoonlik boeke en lesings wat handel oor die "Sewe wette van leierskap" of die " Tien beginsels van leierskap". Miskien moet mens onthou dat jy na so 'n proses van dissekteer net oorbly met die lyke van leierskap! Leierskap moet as 'n diep geestelike saak verstaan word. Leiers vertrou nie die proses nie, maar die Gees. Dit gaan nie oor tegniek nie, eerder oor liefde en geestelikheid en geloof. Anders gestel, dit is tyd dat Christene weer besef dat dit die Wind is wat die bome waai en beweeg, en nie die bome wat die wind laat waai nie. Len Sweet het dit treffend saamgevat: As mens daaraan dink dat ons die mense wat die buitenste ruimte invaar ruimtevaarders – "cosmonauts" – noem, het ons leiers nodig wat Geestesvaarders is – "Pneumanauts". Leiers wat die kuns en wetenskap van 'n lewe in die Gees en leierskap deur die Gees verstaan.

Alles onvoorspelbaar

Die Gees maak mense en leiers onvoorspelbaar. Wanneer die Gees lei, moet mens weet dat enigiets kan gebeur en dat die onvoorsiene waarskynlik sal gebeur. Ons was te lank behep met ons strategiese planne en doelwitte. Feit is, die lewe is eenvoudig nie so rasioneel nie. Dit is in die aard van lewe self om inbreek te maak op ons planne en skemas, om ons te verras. Niks is meer stabiel nie – die lewe self is 'n saak van voortdurende verandering en innovasie.

Pneumanauts is voortvarende leiers wat die stormsee van nuwe tye invaar met hulle seile gespan na die Gees, gereed om te vaar waarheen die Gees hulle ook al lei.

In hierdie soort wêreld word gelowiges voortgedryf deur die Gees. Pneumanauts wat die skuif maak van logika na openbaring, van rede na die gees, van stelling na intuïsie, van letterlik na profeties.

Daarom betoog Len Sweet vir Pneumanauts wat 'n verskil maak deur aandag te gee aan 3 S'e: "Simultaneity, Systems, Semoitics".

Gelyktydigheid

Gelyktydigheid (die woordeboeke praat van simultaneïteit) Dit wil vertel van twee sake wat gelyktydig kan gebeur, al lyk dit soms asof dit teenoor mekaar staan.

In die tyd van die modernisme was dit moontlik om baie verskynsels met die sg. Bell-kurwe te vergelyk. Meeste sosiale verskynsels het in die middel rond gelê – die dinge wat sterk teenoor mekaar gestaan het, was op die teenpole en daardie teenpole was eintlik maar swak. Daarom het sulke radikaal teenoorgesteldes nie veel saakgemaak nie. In so 'n bedeling fokus jy op een ding op 'n slag (die middelgrond), probeer mense om alles te sentraliseer en van daar te beheer.

"Leaders Thrive on Paradox". "We must be constantly vigilant. Vigilant about opposites."
Tom Peters

Maar nou leef ons in die tyd van die "Well-curve". Die middel het weggeval en die sterkste kragte lê juis daar by die teenpole. Die swaartepunt lê nie meer in die middel nie, maar by die pole. Kyk gerus hoe mense in die nuwe tye leef en doen: Hulle doen meer as een ding op 'n slag (multi-task); die teenoorgestelde kragte word al hoe sterker. Leiers verstaan iets van die Bell-kurwe wat 'n Well-kurwe geword het en begelei mense wat hulle al meer en meer op die pole bevind.

Sisteemdenke

Ons moet deeglik verstaan dat ons met sisteme werk: dit is dodelik gevaarlik om die Bybel, die Kerk, verhoudings en mense as objekte te hanteer. Dink net daaraan hoe helder die kerk as 'n Liggaam beskryf word.

Sisteemdenke is 'n diepe sensitiwiteit vir die feit dat alles 'n invloed op alles anders het. Dit beteken dat leiers 'n aanvoeling vir die terrior van elke sisteem sal ontwikkel. Wanneer mens dink aan ons eie Gereformeerdheid, beteken dit juis dat die unieke smaak wat agter dit lê nie verloor mag word nie, maar juis gesien en geproe moet kan word in die manier waarop ons dit tereg laat kom in ons spel met die hele sisteem.

Terrior – to give voice to space and place.
Len Sweet

Semiotiek

Leiers moet die tekens van die tyd reg lees – diep bewus wees wat om hulle aan die gang is. Daar moet 'n diepe sensitiwiteit vir die kultuur en die stories van die kultuur wees sodat dit juis met Jesus se storie verbind kan word.

Dit kan net gedoen word as ons ons 'listening skills' opknap en leer om reg te hoor/luister. Waar leer mens die luisterkuns die beste? Juis by die kunste! Die kunste (films, musiek ens) is die seismograaf wat die trillings van die kultuur optel en vasvang. Die kerk is geroep om geloof eietyds en geloofwaardig, maar teologies uniek, in die nuwe konteks te artikuleer en rigting te help gee aan gelowiges.

Forget the vision thing and play it by ear.
Len Sweet